A 5.3 FONDSE EN BATES (ATFB)

1. SAMESTELLING VAN DIE TAAKSPAN

Wes-Kaapland: Bossie Minnaar, Monty Sahd (O/Voorsitter ATFB)
Oos-Kaapland: Danie Mouton, Tommie van der Mescht
Noord-Kaapland: Mossie Mostert, Abraham Swanepoel
KwaZulu-Natal: Petrus Botha, Doretha Swanepoel
Vrystaat: Adriaan de Ruiter, Leon Foot
Goudland: Johan Brink (Voorsitter ATFB), Nico v Rensburg
Noordelike Sinode: Paul Grobler (Skriba ATFB), Johan Kruger
Hoëveld Sinode: Bertus Koorts, PK Kruger
Oostelike Sinode: Cathy Odendaal, Francois Retief
Namibië Clem Marais, Thinus Smit
Algemene Sinode: Gustav Claassen (Algemene Sekretaris), Lourens Bosman (Algemene Bestuurder), Annette van Niekerk (Boekhouer).

2. ONS KYK TERUG

2.1 WAAR KOM ONS VANDAAN?

Die Taakspan Fondse en Bates funksioneer volgens die bepalings van Reglement 20 van die Kerkorde: Reglement vir Kerklike Goedere.

2.2 WERKSAAMHEDE VAN DIE TAAKSPAN

2.2.1 ADMINISTRASIE VAN ALGEMENE SINODALE GOEDERE

- Die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk) in algemene sinodale verband is ’n regspersoon en die Algemene Sinode, of ander gevolmagtigde(s) deur die Algemene Sinode aangewys, is sy orgaan. Die NG Kerk is dus eienaar van alle roerende en onroerende goedere wat deur die Algemene Sinode beheer en verkry word.
- Vaste eiendom word in die naam van die *Nederduitse Gereformeerde Kerk Algemene Sinode* geregistreer.
- Algemene sinodale kerklike goedere word geadministreer deur die Algemene Taakspan Fondse en Bates ingevolge besluite van die Algemene Sinode.
- Die Algemene Taakspan Fondse en Bates is bevoeg om in opdrag van die Algemene Sinode enige regshandeling te verrig en om tussentydse beleggings te maak wat verband hou met die beskikking, verkryging, ontvangs van testamentêre bemakings, vervreemding, beswaring of versekering van die betrokke bates, onderhewig daaraan:
    - dat die inkomste en eiendom van die Algemene Sinode, met inbegrip van eiendom of inkomste wat deur enige gevolmagtigde van die Algemene Sinode bestuur word, nie aan enige persoon uitgekeer mag word nie, maar uitsluitlik aangewend mag word vir die beoefening van die aktiwiteite (openbare weldade) van die Algemene Sinode; en
    - dat niks wat hierin bepaal is, die betaling te goeder trou belet van redelike besoldiging (synde vergoeding wat nie oormatig is, inaggenome wat algemeen as redelik geag word in die openbare weldaadorganisasie-sektor en met betrekking tot die diens gelewer nie) aan enige werknemer of beampte van die Algemene Sinode vir dienste wat sodanige persoon werklik aan die Algemene Sinode gelewer het nie); en met insluiting van:
        - die ontvang van oordrag van alle eiendomme, goedere of fondse van die ontbinde Raad van Kerke en die gefedereerde rade;
        - die verkryging van eiendomme, roerend en/of onroerend, deur skenking, erflating, aankoop, huur of op enige ander wyse; en
        - die behoud van ’n belegging in die vorm van ’n besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit (of enige bate in so ’n besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit)

wat dit as ’n skenking, bemaking of erflating verkry, in die vorm waarin dit verkry is mits dit voldoen aan die Wet en die vereistes van die Belastingvrystellingseenheid van die SAID.

- In geval van die uittrede van al die sinodes in terme van Artikel 36 van die *Kerkorde óf* die ontbinding van die Algemene Sinode, word alle eiendomme, goedere en fondse tussen die samestellende sinodes na verhouding van die getal belydende lidmate binne die gebied van elke sinode ten tye van die ontbinding verdeel.
- Die Algemene Taakspan Fondse en Bates administreer die algemene sinodale kerklike goedere, met dien verstande dat die Taakspan:
  - deurlopend sal verseker dat daar voldoen word aan die kerkordelike bepalinge, reglemente en besluite van die Algemene en die vereistes van die Belastingvrystellingseenheid van die SAID; en
  - die volgende beheer- en bestuursdokumente vir goedkeuring voorlê:
    - aan die Algemene Sinode/Moderamen wanneer nodig: die reglemente, aktes van oprigting en/of konstitusies van al die betrokke strukture en afsonderlike kerklike regsentiteite wat aan die Taakspan finansiële verslag doen, asook enige voorgestelde wysigings daaraan; en
    - aan die Bedryfspan jaarliks: die volgende finansiële bestuursinligting ten opsigte van alle strukture en ander regsentiteite:
      * goedgekeurde geouditeerde finansiële state van die vorige finansiële jaar;
      * die goedgekeurde begroting vir die huidige finansiële jaar; en
      * enige ander toepaslike finansiële bestuursinligting soos deur die Bedryfspan versoek; en
    - volledige registers moet byhou van alle vaste bates en eiendomme, alle skenkings en bemakings asook beleggings van die Algemene Sinode en word ook as sodanig in die Staat van Finansiële Posisie van die Algemene Sinode getoon.

2.2.2 SKENKINGS EN BEMAKINGS

- Alle skenkings en bemakings aan die Algemene Sinode word deur die Algemene Taakspan Fondse en Bates hanteer en bestuur in oorleg met die Algemene Taakspan Regte. Wanneer skenkings en bemakings volgens wetlike eise anders hanteer moet word, moet die korrekte voorskrifte nagekom word met verantwoording aan die Algemene Sinode. Die Algemene Sinode sal nie ’n skenking wat herroeplik op aandrang van die skenker is, vir ander redes as die wesenlike versuim om aan die aangewese oogmerke en voorwaardes van bedoelde skenking te voldoen (met inbegrip van enige wanvoorstelling met betrekking tot die belastingaftrekbaarheid daarvan ingevolge Artikel 18A van die Wet) aanvaar nie: met dien verstande dat ’n skenker nie enige voorwaarde mag oplê wat bedoelde skenker of enige verbonde persoon met betrekking tot bedoelde skenker in staat kan stel om enige direkte of indirekte voordeel uit die aanwending van die skenking te verkry nie.
- Indien ’n skenking/bemaking vir ’n spesifieke doel gemaak word, moet dit ten behoewe van daardie gespesifiseerde doel aangewend word.
- Indien ’n skenking/bemaking vir ’n goedgekeurde projek gedoen word, mag die betrokke projekspan dit daarvoor aanwend.
- Indien ’n projekspan ’n skenking/bemaking wil aanwend vir ’n doel of projek waarvoor daar nog nie goedkeuring ontvang is nie, moet die advies en goedkeuring van die Algemene Taakspan Fondse en Bates eers verkry word.
- In geval die Algemene Taakspan Fondse en Bates nie goedkeuring gee nie, mag die projekspan hom na die Moderamen wend.
- Om eiendomme, roerend en/of onroerend, te verkoop, te verruil, te verhuur, te skenk of op enige ander manier te vervreem, te verbind, in pand, as sekuriteit te gee, of op enige ander wyse te beswaar met dien verstande dat:
  - skenkings slegs gemaak mag word ter bevordering van die doelstellings van die Algemene Sinode volgens Artikel 43 óf aan teologiese studente óf aan predikante, werknemers en amptenare in diens van kerkvergaderinge van die NG Kerk, asook aan godsdienstige,

liefdadigheids- en/of opvoedkundige inrigtings wat ingevolge die bepalings van die Wet en die vereistes van die Belastingvrystellingseenheid van die SAID van belasting vrygestel is;
- slegs sekuriteit gegee mag word vir die verpligtinge van die Algemene Sinode.

2.2.3 BELEGGING VAN FONDSE

- Om gelde onder sy beheer te belê en om sodanige beleggings te gelde te maak, op te vra, te kanselleer, te sedeer, te verander of andersins daarmee te handel met dien verstande dat:
  - Die Algemene Taakspan Fondse en Bates die verantwoordelikheid het om die Algemene Sinode se beleggingsportefeulje deurlopend te beskerm deur te verseker dat die nodige maatreëls in plek is;
  - Beleggings word slegs gedoen in terme van die Algemene Sinode se goedgekeurde beleggingsbeleid;
  - Die Algemene Sinode se *strategiese bateverdeling* jaarliks saamgestel word na inagneming van die Algemene Sinode se begrote bedryfsuitgawes en dat die allokasie in ooreenstemming moet wees met Regulasie 28-beperkings wat die Pensioenfondswet voorstel;
  - Die Beleggingskommissie van die Taakspan die Beleggingsbeleid en -strategie van die Algemene Sinode deurlopend moet nakom, met dien verstande dat die Algemene Taakspan Fondse en Bates nieteenstaande bostaande beperkings, 'n skenking of bemaking belê word in ooreenstemming met die voorgeskrewe vereistes soos deur die skenker/bemaker bepaal.

2.2.4 REGSGEDINGE OF DISPUTE OOR ALGEMENE SINODALE KERKLIKE GOEDERE

- In alle regsgedinge of dispute oor algemene sinodale kerklike goedere tree die Algemene Taakspan Fondse en Bates sonder meer bepaalde lasgewing sowel eisend as verwerend ten behoewe van die Algemene Sinode op ná raadpleging van die Algemene Taakspan Regte.
- Ten einde hierdie handelinge te verrig, word alle amptelike dokumente onderteken deur twee lede van die Algemene Taakspan Fondse en Bates wat daartoe deur die Algemene Sinode of die Moderamen gemagtig is.
- Die Algemene Sinode het geen aanspraak op die eiendomme, goedere en fondse wat aan die samestellende sinodes, ringe of kerkrade behoort en onder afsonderlike reglemente besit en beheer word nie.
- Waar enige vaste eiendom aan die Algemene Sinode geskenk of nagelaat word ten behoewe van ’n werksaamheid of inrigting binne die gebied van ’n sinode, word dit met wedersydse instemming vir beheer en administrasie opgedra aan die betrokke sinode om vir die werksaamhede of inrigting aangewend te word.
- Eiendomme wat voor die totstandkoming van die Algemene Sinode van die NG Kerk in gefedereerde verband gevestig was (soos byvoorbeeld die eiendomme onder die toesig en beheer van die Algemene Sondagskoolkommissie) het in 1962 met kerkvereniging die eiendomme van die NG Kerk in die algemene sinodale verband geword. Transportaktes van sodanige eiendomme wat op naam van die verskillende sinodes geregistreer staan, kan met die oog op besparing van koste, onveranderd bly. Enige handeling in verband met sodanige eiendomme geskied egter in terme van die bepalings van hierdie *Reglement*. Hierdie eiendomme kan verbind of vervreem word volgens die bepalings van die *Kerkorde* van die betrokke sinode in wie se naam dit geregistreer is, slegs nadat die Algemene Taakspan Fondse en Bates in oorleg met die Algemene Taakspan Regte en die Algemene Sinode/Moderamen daaroor besluit het.

2.3 WAAROOR IS ONS DANKBAAR, WAAR HET ONS GEVORDER, HOE GEBRUIK DIE HERE REEDS DIE NG KERK?

2.3.1 Ons is dankbaar vir die bestaande bronne wat steeds beskikbaar is vir die kerk, o.a. sinodes wat die Algemene Sinode getrou finansieel ondersteun met hulle bydraes. Ons is verder dankbaar vir die lojaliteit, kundigheid en bereidwilligheid van personeel. Ons is veral dankbaar vir lidmate wat hulle kundigheid en tyd beskikbaar stel vir die Sinode en wat geweldig waarde toevoeg tot die bestuur en aanwending van fondse en bates. Skenkings en bemakings, wat ‘n groot deel uitmaak van die reserwes van die Algemene Sinode, word ook altyd met groot dank en waardering aanvaar.

2.3.2 Daar word baie moeite gedoen met deursigtigheid en gesonde kommunikasie, en daar word ervaar dat die verhouding tussen die strukture van die Algemene Sinode en streeksinodes verbeter as gevolg hiervan.
2.3.3. Die sensitiwiteit vir die situasie van sinodes en gemeentes en die nadenke oor nuwe uitdagings, is tegelykertyd 'n rede tot dankbaarheid en vordering. Die Here gebruik die middele waarvoor die ATFB verantwoordelik is, om die Algemene Sinode in staat te stel om sy roeping uit te leef.

3. INSIGTE UIT DIE WOORD, TEOLOGIE, NAVORSING

3.1 BYBELSE GETUIENIS

Die Here het Abraham geseën om tot seën te wees vir ander. Daardie motief kom deurgaans in die Bybel na vore. As mense is ons nie besitters nie, maar wel rentmeesters. Ons moet rekenskap gee van alles wat aan ons toevertrou is in die gesindheid van 2 Kor 8: Die gemeentes in Macedonië was arm, maar hulle het na vermoë, selfs bo vermoë bygedra – met blydskap.
Vir Jesus was dit normaal om geloof en middele in een asem te noem. Ongeveer die helfte van sy gelykenisse handel oor die regte gebruik van geld en goed. Naas die Koninkryk van God, is die een onderwerp waaroor die meeste in die Bybel gepraat word, geld en die regte gebruik daarvan. In die Bybel is daar 500 verse oor gebed, minder as 500 oor geloof, maar 2350 verse oor geld en besittings. In die Evangelies handel ongeveer 10% van die verse direk oor geld. Beide Ou en Nuwe Testament handel hieroor en die Bybel heg ook die mees omvattende beloftes van die Here aan offervaardigheid.

3.2 INSIGTE UIT DIE TEOLOGIE

Rentmeesterskap is ‘n konsep wat probeer saamvat wat die mens, as skepsel van God, se verantwoordelikheid op en teenoor die aarde is (vgl. Gen. 1:28vv). Die mens wat in verhouding met sy Skepper dink en leef, weet dat die ‘versorging’ van die aarde/die wêreld sy/haar verantwoordelikheid is. Ons rentmeesterskap is dus omvattend. Ons is nie eienaars van hierdie werklikheid, die aarde en alles wat daarop woon nie, ons is bestuurders van die huishouding van God. So stel Paulus dit as hy na sy eie bediening verwys: “So moet julle ons dan sien: ons is dienaars van Christus en bestuurders aan wie die geheimenisse van God toevertrou is” (1Kor.4:1).
Dit is nodig om kortliks na hierdie teks te kyk. Later in die briewe aan die gemeente in Korinte volg nog twee hoofstukke (2 Kor. 8-9) oor wat ons hier onder finansiële rentmeesterskap noem. Paulus is inderdaad besig om lig te werp op hoe hy oor homself en ander se bediening dink – en hoe hy graag sou wou dat ander oor sy en ander se bediening dink. Beide begrippe (dienaars en bestuurders soos in die NAV vertaal) het te doen met diens en nie met ‘bestuur’ in die ekonomies-wetenskaplike sin nie:

- “So moet julle ons dan sien: ons is dienaars (*hupeiretas*): vrygemaakte slawe vir ‘n spesifieke funksie; en
- “So moet julle ons dan sien: ons is ‘stewards’ (*oikonomous*): “a person who looks after the passengers on a ship, aircraft, or train and brings them meals”; en
- “So moet julle ons dan sien: ons is rentmeesters (*oikonomous*): vertrou met die skatte van die evangelie.”

3.3 INSIGTE VANUIT ANDER BRONNE

3.3.1 DIE EKONOMIE

Daar is weinig motivering nodig vir die stelling dat die landsekonomie op ‘n baie moeilike plek is. Aan die begin van Junie 2019 is bekend gemaak dat die bruto binnelandse produk van Suid-Afrika vir die eerste kwartaal van 2019 met 3,2% gedaal het.
Volgens die S.A. Reserwebank was die verhouding skuld tot besteebare inkomste vir verbruikers aan die einde van 2018 reeds 72,7%. Diskresionêre besteding kom dus onder al hoe groter druk.

3.3.2 INLIGTING RAKENDE GEMEENTE INKOMSTE

Die groei in gemeentelike inkomste toon ‘n duidelike dalende tendens, soos blyk uit die ATFB se eie syfers. Van 2013 na 2014 was die groei nog 5,01%, maar van 2016 na 2017 was dit net 1,75% en van 2017 na 2018 was die groei maar 1,4%.

3.3.3 INVLOED OP DIE ALGEMENE SINODE SE BEGROTING

In die lig daarvan dat die Algemene Sinode se bydraes vanaf sinodes 'n vaste persentasie van gemeentelike inkomste is, is dit duidelik dat die inkomste uit hierdie bron wesenlik geraak word. Daar word dus 'n baie groter aanspraak gemaak op die inkomste wat uit die beleggingsopbrengs van die Sinode ontvang word.

3.4 EIE NAVORSING OOR DIE SAAK

3.4.1 SINODALE BYDRAE 2004 tot 2018

- Die Algemene Sinode het in **2004** bepaal dat die maksimum sinodale bydrae van die lopende inkomste **0,3%** moet wees en dat die moontlikheid van 'n verlaging van hierdie persentasie ondersoek moet word. In die lig van dié besluit het die Algemene Taakspan Fondse en Bates maatreëls in plek gestel om enersyds begrotingsuitgawes te beperk en andersyds sinodes se bydraes te verminder.
- Vir die **2012/2013** begroting is sinodes se aanslag van 0,3% na **0,28%** van totale lopende inkomste verminder. Die Algemene Taakspan Fondse en Bates het die volgende as vertrekpunte vir hulle besinning gebruik:
    - Tendense uit sinodes se verslae is verwerk. Byvoorbeeld: gemeentes raak minder, leraarsposte wat verander, inkomste groei nie teen dieselfde persentasie as uitgawes, ensovoorts.
    - Kernfunksies (KPA's) is gekwantifiseer.
    - Moontlike afbestuur van die begroting: Die Algemene Sinode kan nie 'n uitgawe gedrewe begroting hê nie, maar 'n inkomste begroting. Wat is die dra-vermoë, gegewe die finansiële situasie van sinodes.
    - Hoe moet die inkomste van die Algemene Sinode bereken word? 'n Begrotingsbeleid, beleggingsbeleid en die wyse waarop sinodes se bydraes vasgestel word, is verreken.

- **Gemeentes**
    - Die NG Kerk het in 2018 negentien (19) gemeentes minder as in 2013 gehad – van 1 116 gemeentes in 2013 na 1 097 gemeentes in 2018. Dit is 'n beskeie gemiddelde daling van 0,3% per jaar oor die afgelope vyf jaar. Die gemiddelde vermindering sedert 2016 is ietwat hoër, naamlik 0,5%. Dit kan dui op 'n versnelling in die vermindering van gemeentes.
    - In 1998 was daar 1 234 gemeentes. Dit is 'n 12% daling van gemeentes oor twintig jaar of dan 0,6% per jaar oor die afgelope twintig jaar. Die laaste vyf jaar se gemiddelde daling is dus eintlik heelwat minder as die tendens oor die afgelope 20 jaar.
- **Belydende lidmate**
    - Die NG Kerk het vanjaar (2018) 102 574 minder belydende lidmate as in 2013 gehad – van 787 297 belydende lidmate in 2013 na 684 723 belydende lidmate in 2018. Dit is 'n gemiddelde daling van 2,8% per jaar oor die afgelope vyf jaar. Die gemiddelde vermindering sedert 2016 is ietwat laer, naamlik 2,6%.
    - In 1998 was daar 921 790 belydende lidmate. Dit beteken dat die NG Kerk se belydende lidmate oor die afgelope 20 jaar met 35% verminder het – dit is met 237 067 belydende lidmate. Dit is 'n gemiddelde daling van belydende lidmate van 1,6% per jaar. Die afgelope vyf jaar se gemiddelde daling per jaar van 2,8% is dus 'n beduidende versnellende tendens.
    - Met die huidige gemiddelde getal belydende lidmate per gemeente (624) staan die 237 067 belydende lidmate wat "verlore" geraak het, gelyk aan 380 gemeentes.

3.4.2 HUIDIGE STAND VAN SAKE

Jaar	2013	2014	2015	2016	2017	2018	X 5 jaar	X 2 jaar
Gemeentes	1 116	1 109	1 110	1 109	1 101	1 097		
		(0,6%)	0,1%	(0,1%)	(0,7%)	(0,4%)	(0,3%)	(0,5%)
Belydende Lidmate	787 297	760 599	748 430	722 403	708 523	684 723		
		(3,4%)	(1,6%)	(3,5%)	(1,9%)	(3,4%)	(2,8%)	(2,6%)
Dooplidmate	211 588	203 694	199 263	193 691	188 767	186 521		
		(3,7%)	(2,2%)	(2,8%)	(2,5%)	(1,2%)	(2,5%)	(1,9%)
Predikante	1 568	1 635	1 616	1 564	1 572	1 535		
		4,3%	(1,2%)	(3,2%)	0,5%	(2,4%)	(0,4%)	(0,9%)
Lopende Inkomste	1 524 950 807	1 601 366 745	1 667 646 800	1 715 422 972	1 745 392 165	1 769 808 113		
		5,0%	4,1%	2,9%	1,7%	1,4%	3,0%	1,6%
Tekorte	486	515	483	470	507	528		
		6,0%	(6,2%)	(2,7%)	7,9%	4,1%	1,7%	6,0%
Aanslag	4 269 862,26	4 483 826,89	4 669 411,04	4 803 184,32	4 887 098,06	4 955 462,72		
		5,0%	4,1%	2,9%	1,7%	1,4%	3,0%	1,6%

Daling in gemeentes, predikante, belydende- en dooplidmate



	2013	2014	2015	2016	2017	2018
Belydende Lidmate	787 297	760 599	748 430	722 403	708 523	684 723
Dooplidmate	211 588	203 694	199 263	193 691	188 767	186 521
Gemeentes	1 116	1 109	1 110	1 109	1 101	1 097
Predikante	1 568	1 635	1 616	1 564	1 572	1 535

- **Dooplidmate**
  - Die NG Kerk het in 2018 25 067 minder dooplidmate as in 2013 gehad – van 211 588 dooplidmate in 2013 na 186 521 dooplidmate in 2018. Dit is ’n gemiddelde daling van 2,5% per jaar oor die afgelope vyf jaar. Die gemiddelde vermindering sedert 2016 is ietwat laer, naamlik 1,9%.
  - In 1998 was daar 337 232 dooplidmate. Dit beteken dat die NG Kerk se dooplidmate oor die afgelope 20 jaar met 81% verminder het – dit is met 16 847 dooplidmate. Dit is ’n gemiddelde daling van dooplidmate van 3,0% per jaar. Die afgelope vyf jaar se gemiddelde daling per jaar van 2,5% is dus ’n effens laer tendens. Die laaste twee jaar se gemiddelde daling van 1,9% is nog laer.
- **Predikante**
  - Die ATFB se vorm het nie vroeër jare ’n onderskeid gemaak tussen tentmakers en vastetermyn predikante en “gewone” predikante nie. Vroeër jare was daar dikwels “pastorale hulpe” in gemeentes. Die statistiek oor die getal predikante is dus bietjie onseker.
  - In 2013 was daar 1 568 predikante. In 2018 staan dit die getal op 1 535. Dit is ’n gemiddelde daling van slegs 0,4% oor die afgelope vyf jaar. In 1998 was daar 1 983 predikante. Daar is vanjaar dus 29% minder predikante as in 1998 – of dan ’n gemiddelde daling van 1,3% per jaar oor die afgelope 20 jaar.
  - Die getal tentmakers en vastetermyn predikante het baie toegeneem. Dit beteken dat die verhouding tussen die aantal belydende lidmate en die getal predikante verminder het. In 1998 was daar 465 belydende lidmate per predikant. In 2018 is dit 446 belydende lidmate per predikant.
  - Om uit statistiek te voorspel is gevaarlik en moontlik ’n teken van ongeloof – maar as die daling in lidmate voortgaan op die tendens van die afgelope twintig jaar en die getal lidmate per predikant dieselfde bly, gaan die NG Kerk in 2023 sowat 112 predikante minder nodig hê.
- **Gemeentes se finansies**
  - Statistiek van die afgelope ses jaar (vanaf 2013), soos verskaf deur sinodes, is gebruik. Dit moet gemeld word dat die statistiek oor gemeentes se lopende inkomste nie baie akkuraat is nie. Verskeie sinodes het in 2018 gerapporteer dat hulle syfers voorlopig is omdat verskeie gemeentes se geouditeerde finansiële state nog uitstaande is. Namibië noem byvoorbeeld dat 30% van die gemeentes se geouditeerde finansiële state nog uitstaande was.

- Die tendens is egter duidelik uit die volgende twee grafieke. Die totale lopende inkomste van gemeentes groei die afgelope vyf jaar telkens met ’n al kleiner persentasie.
- Van 2013 na 2014 was die groei nog 5,01%, maar van 2016 na 2017 was dit net 1,75% en van 2017 na 2018 was die groei maar 1,4% [Skaal aan die regterkant].

Groei in Aanslag vir die Algemene Sinode



	2013	2014	2015	2016	2017	2018
Aanslag	4 269 862.26	4 483 826.89	4 669 411.04	4 803 184.32	4 887 098.06	4 955 462.72
Persentasie daling		5.01%	4.14%	2.86%	1.75%	1.40%

- Omdat die formule (0,28% per lopende inkomste) konstant gebly het, het die aanslag van die Algemene Sinode met dieselfde persentasie al minder gegroei. Die aanslag van 2013 was R4 269 862. Die berekening vir 2020 se aanslag (bereken op 2018 se geouditeerde finansiële state is R4 955 463. Dit is ’n gemiddelde groei van 3% oor die afgelope vyf jaar. Die gemiddelde groei oor die afgelope twee jaar was egter net 1,57% per jaar.
- Die gemiddelde groei in gemeentes se lopende inkomste moet ook in sinodale verband bekyk word. Waar Wes-Kaap en Namibië met 4,4% en 5,8% groei, is die groei by KwaZulu-Natal (1%), Vrystaat (1,6%) en Goudland (1,2%) heelwat minder.

Groei in aanslag vir die Algemene Sinode per jaar en per sinode



	Wes-Kaap	Oos-Kaap	Noord-Kaap	KZN	Vrystaat	Goud-land	Noord Sin	Hoëveld	Oos sin	Namibië
2013	1003 251	276 923	211 356	159 733	547 763	414 813	505 112	462 071	555 151	133 689
2014	1041 556	291 074	228 127	169 286	601 137	420 247	512 443	492 971	594 687	132 299
2016	1173 775	302 053	242 964	170 930	606 501	441 727	528 583	527 201	641 078	168 373
2017	1222 120	309 514	251 579	173 355	588 115	435 755	550 884	529 421	659 028	167 327
2018	1244 761	317 933	257 074	167 527	592 573	440 492	578 890	527 934	650 685	177 594
% groei	4.4%	2.8%	4.0%	1.0%	1.6%	1.2%	2.8%	2.7%	3.2%	5.8%

3.4.3 ALGEMENE SINODE SE FORMULE

- **Projeksie met 2016 tot 2018 se syfers**
  Elke sinode se gemiddelde groei in inkomste vanaf **2016** is bereken. Die lopende inkomste (plus die berekende gemiddelde) is dan gebruik om die aanslag vir die Algemene Sinode te bereken teen 0,28% vir 2018 tot 0,20% vir 2022. Die Algemene Sinode se inkomste daal dan van 2018 se R4 955 463 na 2022 se R3 782 983. Dit is R1 172 480 minder.
- **Projeksie met 2013 tot 2018 se syfers**
  Elke sinode se gemiddelde groei (of daling) in inkomste) vanaf **2013** is bereken. Die lopende inkomste (plus of minus die berekende gemiddelde) is dan gebruik om die aanslag vir die Algemene Sinode te bereken teen 0,28% vir 2018 tot 0,20% vir 2022. Die Algemene Sinode se inkomste daal dan van 2018 se R4 955 463 na 2022 se R3 997 738. Dit is R957 725 minder.

Jaar	Vyf jaar	2018	2019	2020	2021	2022
Sinode	**gemiddeld**	**0,28%**	**0,26%**	**0,4%**	**0,22%**	**0,20%**
Wes-Kaap	4,4%	1 244 761	1 206 804	1 163 081	1 113 157	1 056 572
Oos-Kaap	2,8%	317 933	303 491	287 991	271 385	253 622
Noord-Kaap	4,0%	257 074	248 245	238 302	227 168	214 765
KwaZulu-Natal	1,0%	167 527	157 050	146 357	135 446	124 311
Vrystaat	1,6%	592 573	558 968	524 149	488 086	450 748
Goudland	1,2%	440 492	413 971	386 745	358 801	330 125
Noordelike Sinode	2,8%	578 890	552 399	524 001	493 612	461 142
Hoëveld Sinode	2,7%	527 934	503 465	477 289	449 332	419 516
Oostelike Sinode	3,2%	650 685	623 703	594 303	562 356	527 728
Namibië	5,8%	177 594	174 547	170 536	165 460	159 209
Totaal		**4 955 463**	**4 742 643**	**4 512 754**	**4 264 802**	**3 997 738**

- **Kontantvloeiprojeksie**
  Die vraag is of die Algemene Sinode se begrotingsbehoefte en die verlaagde heffing (0,20%) met mekaar versoen kan word. Heelwat aannames moet gemaak word om ’n wiskundige (teoretiese) antwoord te kan gee. Die volgende aannames is gemaak:
  - Portefeuljegroeikoers: Inflasie plus 4%
  - Inflasie: **5%**
  - Groei in gemeentes se inkomste: **3%** [Die werklike gemiddelde groei van gemeentes se inkomste oor die afgelope vyf jaar (2013 tot 2018) was 3,02%.

1	2	3	4	5	6	7	8	9
	Begroting	Inflasie	Inkomste vanaf sinodes	Inkomste uit belegging	Ont-trek	Uit kapitaal	Kapitaal	Kapi-taliseer
							83 862 286	
2019	8 132 177		4 861 308	2 515 869	3,0%	755 000	88 139 023	6,0%
2020	8 541 024	5,0%	4 955 463	3 525 561	4,0%	60 000	92 485 974	5,0%
2021	8 972 082	5,0%	4 742 643	3 699 439	4,0%	530 000	96 580 273	5,0%
2022	9 425 965	5,1%	4 512 754	3 863 211	4,0%	1 050 000	100 359 287	5,0%
2023	9 899 173	5,0%	4 264 802	4 014 371	4,0%	1 620 000	103 757 251	5,0%
2024	10 398 028	5,0%	3 997 738	4 150 290	4,0%	2 250 000	106 695 114	5,0%
2025	10 922 426	5,0%	4 117 670	5 334 756	5,0%	1 470 000	109 492 918	4,0%
2026	11 480 775	5,1%	4 241 200	6 569 575	6,0%	670 000	112 107 706	3,0%
2027	12 054 899	5,0%	4 368 436	6 726 462	6,0%	960 000	114 510 937	3,0%
2028	12 670 146	5,1%	4 499 489	6 870 656	6,0%	1 300 000	116 646 265	3,0%
2029	13 333 250	5,2%	4 634 474	6 998 776	6,0%	1 700 000	118 445 653	3,0%
2030	13 980 248	4,9%	4 773 508	7 106 739	6,0%	2 100 000	119 899 022	3,0%
2031	14 680 655	5,0%	4 916 714	7 193 941	6,0%	2 570 000	120 925 993	3,0%
2032	15 419 775	5,0%	5 064 215	7 255 560	6,0%	3 100 000	121 453 773	3,0%
2033	16 183 368	5,0%	5 216 141	7 287 226	6,0%	3 680 000	121 417 386	3,0%
2034	16 987 669	5,0%	5 372 626	7 285 043	6,0%	4 330 000	120 729 908	3,0%

- **Indien die huidige begroting (R8,1 miljoen) behou word (Kolom 2),**
  - dit jaarliks met inflasie (5%) aangepas moet word (Kolom 3),
  - sinodes se bydraes jaarliks met 0,02% afbestuur word (van 0,28% tot 0,20%) en sinodes se inkomste met 3% groei soos dit die afgelope vyf jaar gegroei het (Kolom 4),
  - en die portefeulje-**opbrengs** (9%) verdeel word tussen 'n gedeelte wat gekapitaliseer word (Kolom 9) en gebruik word (Kolom 6) en
  - 'n gedeelte uit die kapitaal onttrek word,

  sal die kapitaal tot ongeveer 2032 nog groei, maar daarna begin verminder tensy die begroting met minder as inflasie aangepas word.
  (LET WEL: Opbrengs is NOOIT reglynig nie! Uitgawes is ook nie 'n vaste maandelikse bedrag nie. Daar is maande met groter uitgawes (soos tydens 'n sinodesitting of wanneer die vliegkaartjies vir die moderamen gekoop word). Die model demonstreer dat die Algemene Sinode dit kan bekostig om vir die bydraekoers na 0,20% af te bestuur en steeds vir minstens tien jaar nog kapitaalgroei kan behaal. Hierdie oefening moet jaarliks herhaal word sodat aanpassings betyds gemaak kan word aan minstens die volgende tien jaar se begroting.)

3.4.4 STRATEGIESE PLAN

In die *Strategiese Plan* van die Algemene Sinode en die gepaardgaande *Begroting* moet die volgende kontantvloeiprojeksies verreken word:

- **Beleggings by PSG**
  - Totale beleggings by PSG is ongeveer R83 miljoen
  - Die portefeulje groeikoers word bereken op 9% *(inflasie +4%)*
  - Maandelikse uitgawes – soos verskaf deur die sinode
  - Totale maandelikse uitgawe behoefte is R677 694 (jaarliks R8,1 miljoen)
  - Die uitgawes word daarna jaarliks met inflasie + 1% verhoog

- **Maandelikse inkomste**
  - Sinodes: R405 109 *(jaarliks R4,8 miljoen) (verhoog jaarliks met 2%)*
  - PSG: R272 585 *(jaarliks R3,3 miljoen) (verskil tussen uitgawes en Sinode inkomste)*
  - *Die projeksie dui aan dat die NG Kerk Algemene Sinode vir die volgende 24 jaar aan hul uitgawes kan voldoen*.

4. HOE DAAG HIERDIE INSIGTE ONS UIT?

4.1 BRONNE EN BEHOEFTES

- Die uitdaging vir die ATFB is om baie kreatief te dink oor die balans tussen die afnemende finansiële vermoë van gemeentes en sinodes en die behoefte aan effektiewe funksionering van die Algemene Sinode.
- In hierdie opsig sal nie net die inkomste van die Algemene Sinode 'n faktor wees nie, maar ook die noukeurige prioritisering en bestuur van uitgawes.

5. VERHELDER EN FOKUS: WATTER HELDERHEID KOM NA VORE?

5.1 HOE VERSTAAN ONS GOD SE ROEPING?

- Die ATFB verstaan sy roeping as verantwoordelike rentmeesterskap en die bestuur van middele. Die ATFB is daarom onder die diep besef dat ons nie die eienaars is nie, maar bloot bestuurders, wat besef dat ons aan die Here tegelykertyd verantwoordbaar is vir hoe die geld gebruik word of nie.

5.2 ONS STAAN SAAM VOOR GOD: WAT IS 'N TOEPASLIKE REAKSIE?

- Soos reeds genoem kan daar met groot dankbaarheid kennis geneem word van die huidige bronne wat steeds beskikbaar is vir die kerk, nie net finansieel nie, maar ook in terme van die kundigheid

en bereidwilligheid van personeel en lidmate wat besondere waarde toevoeg tot die bestuur en aanwending van fondse en bates.

- Uit die navorsing en algemene waarneming blyk dit egter duidelik dat die omstandighede in ons land polities en ekonomies groot uitdagings stel vir die toekoms, ook vir die kerk.
- Dit kan ook nie geïgnoreer word nie dat die diversiteit van standpunte en konflik binne die NG Kerk ‘n invloed het op die tendense wat uit die navorsing blyk. Die Algemene Sinode se verantwoordelikheid rakende die gemeenskaplike identiteit en onderlinge verbondenheid van die onderskeie gestaltes van die kerk sal dus ‘n hoë premie stel op die benutting van beskikbare bronne.

5.3 HOE VAL ONS IN BY GOD SE WERK?

In die lig van die navorsing het die ATFB geoordeel dat die Sinode kan oorweeg om die formule, vir die bydraes van sinodes tot die begroting van die Algemene Sinode, afwaarts aan te pas ooreenkomstig 3.4.

5.3.1 Die Algemene Sinode word daarom versoek om oor die volgende moontlikhede te besin:

- Dat die huidige bydraekoers van 0,28% oor vier jaar afbestuur word na 0,20%;
- dat die huidige koers van 0,28 % gehandhaaf word, met die ruimte dat sinodes wat dit nie kan betaal nie, daaroor kan onderhandel.

6. SUB-TAAKSPANNE

Die ATFB het twee funksionerende sub-taakspanne, naamlik die Beleggingskomitee en die Ouditkomitee Aangesien hierdie taakspanne onafhanklik funksioneer en slegs per verslag aan die ATFB terugvoer gee, word die verslae van die komitees ongewysig aangebied as addendums tot die verslag van die ATFB. Sien Addendum A (Beleggingskomitee) en Addendum B (Ouditkomitee) op die volgende bladsye.

ATFB VERSLAG BYLAAG 1

BELEGGINGSKOMITEE: SUB-TAAKSPAN VAN DIE ATFB.

VERSLAG AAN DIE ALGEMENE SINODE – OKTOBER 2019

1. PERSONEEL EN WERKSWYSE

1.1 DIE VOLGENDE PERSONE DIEN OP DIE BELEGGINGSKOMITEE

Dr Leon Foot: Voorsitter
Ds Monty Sahd: Lid
Mnr Johan Kruger: Lid
Prof Leon Brummer: Kundige Lid
Dr Gustav Claassen: Algemene Sekretaris
Dr Lourens Bosman: Algemene Bestuurder
Me Annette van Niekerk: Rekeningkundige beampte

1.2 WERKSWYSE

Die komitee vergader kwartaalliks. Die batebestuurders, mnre. Dawie Klopper en Chris Wehmeyer van PSG Wealth, lewer telkens verslag van die stand van die belegging, en gee ook ‘n oorsig en vooruitsigte van nasionale in internasionale faktore wat die ekonomie en markte beïnvloed.

2. WERKSAAMHEDE

Die komitee sien toe dat die beleggingsbeleid toegepas word ten opsigte van die volgende mandate:

- Die stand en toewysing van die beleggingsportefeulje
- Die prestasie van die belegging
- Toewys van erflatings en skenkings
- Die beskerming van die beleggingsportefeulje ter wille van die voortgaande werk van die sinode (besluit van die Algemene Sinode 2013)
- Toewys van die beskikbare bedrae uit die belegging vir die werksaamhede van die sinode.
- Maandelikse rekonsiliasie van die belegging

2.1 DIE KOMITEE SIEN TOE DAT DIE BATES BINNE DIE VOLGENDE PARAMETERS VAN DIE BELEGGINGSBELEID AAN VERSKILLENDE BATE-KLASSE GEALLOKEER WORD.

Geldmark:	25 - 100%
Effekte:	0 - 30%
Aandele (Plaaslik & Buiteland):	0 - 65%
Genoteerde Eiendom:	0 – 20%
Verskansingsinstrumente:	0 – 10%
Krugerrande	0 – 5%

2.2 STAND EN PRESTASIE VAN DIE BELEGGING

Die komitee hou toesig oor die prestasie van die beleggings

Aanvangswaarde van belegging op 24 Julie 2011	R53 617 082
Die totale waarde van die belegging op 31 Mei 2019	R85 599 940
Totale Onttrekkings tot op 31 Mei 2019	R23 350 000
Die maatstaf wat gestel is vir die prestasie van die beleggings - inflasie + 2%.	6,23%
Werklike prestasie vir die 12 maande tot op 31 Mei 2019	11,20%

Die SA aandelebeurs het sedert 2011 ver onder die Amerikaanse en Europese markte presteer. Die groei wat op die belegging bewerkstellig is, kom hoofsaaklik uit die buitelandse beleggings.
Die opbrengs op **SA beurs** die afgelope jaar (Junie 2018 – Mei 2019) was -3,72%, vanaf aanvang van die belegging (24/07/2011) was dit 10,18%.
Die opbrengs op die **buitelandse beleggings** die afgelope jaar (Junie 2018 – Mei 2019) was 25,54% en vanaf aanvangs (24/07/2011) 23,44%
51% van die portefeulje is daarom in die buiteland belê. Die opbrengs op kontant in die buiteland kom hoofsaaklik uit die swakker wisselkoers.

2.3 BESTUURSFOOIE EN KOSTES

Die bestuursfooie is soos volg.

Investec CCM rekening:	0,17%
PSG Plaaslike Aandeelportefeulje	0,50%
PSG Buitelandse Aandeelportefeulje	0,50%;
PSG Wealth Income FvF	0,50%;
PSG Wealth Preserver FvF	0,50%

3. BESTUUR VAN RISIKO'S

3.1 WISSELING IN DIE AANDELEMARKTE

Die portefeulje word op so 'n wyse gestruktureer dat alle onttrekkings uit geldmark fondse gedoen word. Die geldmark word aangevul wanneer die aandelemarkte se waarde hoog is. So word verhoed dat verkope van aandele moet plaasvind wanneer die mark laag is.

3.2 VERPLIGTING TOV MEDIESE SUBSIDIES VAN EMIRITI

Die beleggingskomitee het PSG versoek om 'n verskanste fonds te skep om die langtermyn verpligting tov mediese subsidies na aftrede vir persone wat in diens van die Algemene Sinode was, te dek. Hierdie fonds sal voortaan apart van die normale belegging getoon word. Dit is 'n noodsaaklike maatreël om die verpligting te dek en om 'n akkurate prentjie te hê van die fondse wat beskikbaar is vir die bedryf van die sinode.

3.3 DIVERSIFIKASIE VAN DIE BELEGGING

Die komitee is versoek om te kyk na die risiko om die hele belegging by 'n enkele batebestuurder te hou. Die komitee oordeel dat die verspreiding van bates (soos voorgeskryf in die beleggingsbeleid) hierdie risiko aanspreek. Voorts maak die baie goeie prestasie van die huidige batebestuurder en die lae bestuursfooie dat die komitee nie tans oorweeg om die belegging na ander batebestuurders te diversifiseer nie.

3.4 VOORTGESETTE FINANSIERING VAN DIE WERK VAN DIE ALGEMENE SINODE

Die beleggingskomitee het PSG versoek om projeksies te verskaf oor die bedrag wat jaarliks uit die belegging onttrek kan word om seker te maak dat die werk kan voortgaan. Hierdie bedrag is R280 000 pm of R3 360 000 per jaar.
Die ATFB het egter die beleggingskomitee gewaarsku dat die Algemene Sinode vir sy voortgaande werk al meer afhanklik word van die opbrengs uit die belegging, soos wat die inkomste vanuit die gemeentes verminder. Daarom is die beskikbare bedrag vir onttrekking verminder na R3,12 miljoen per jaar (R260 000 per maand).
Die taakspan Kerkverband is versoek om die bekostigbaarheid van die werk in die ontwerp van strukture en prosesse in ag te neem.
Die amptenare en leierskap van die sinode moet ook deurgaans toesien dat die huidige koste van werksaamhede nie veroorsaak dat die bronne oor 10 of 15 jaar uitgeput word nie.

3.5 **VERMINDERING IN BYDRAES VAN SINODES**.

Die besluit van die ATFB om die bedrae van sinodes vir die werk van die Algemene Sinode af te bestuur van 0,28% van gemeentes se inkomste na 0,2% hou ‘n baie groot risiko in. Die komitee versoek dat hierdie besluit herbesoek en geëvalueer word. Die impak daarvan op gemeentes is minimaal maar die kumulatiewe impak daarvan op die AS is baie groot.

4. BELEID - ERFLATINGS EN SKENKINGS

Op versoek van die ATFB het die komitee die volgende beleid vir die hantering van erflatings en skenkings opgestel 15kunki die ATFB Dagbestuur voorgelê vir goedkeuring

1.	Indien daar geen klousules of voorwaardes aan die erflating / 15kunking gekoppel is nie, word dit deel van die algemene fondse van die AS en volgens die beleggingsbeleid hanteer.
2.	Erflatings / skenkings waarvan die aanwending gespesifiseer word:
2.1	Die wens van die donateur / testateur moet uitgevoer word. Toegewysde skenkings of erflating moet aangewend word vir die doel 15kunking dit geskenk is.
2.2	Die toekenning van erflatings / skenkings waar die bedoeling van die skenker nie presies ooreenstem met ‘n werksaamheid van die AS nie, word na die Bedryfspan verwys vir toekenning.
2.3	Toegewysde erflatings / skenkings word in die boeke van die AS as ‘n Fonds aangetoon.
2.4	Die belegging van Fondse word hanteer volgens die beleggingsbeleid van die AS.
2.5	Die opbrengs van die fonds word jaarliks aan die taakspan wat daarmee gemoeid is, toegeken om hulle gewone werksaamhede te befonds.
2.6	Indien ‘n taakspan iets ekstra buite hulle gewone werksaamhede met die fonds wil doen, moet dit so in hulle begrotingsaanvraag aangedui word vir oorweging deur die ATFB.
3.	Indien die werksaamheid 15kunking die 15kunking gemaak word, ophou bestaan, word die fonds gesluit en in die algemene fondse van die AS opgeneem. Die bestaan van ‘n fonds verplig nie die AS om voort te gaan met werksaamhede wat nie langer ‘n fokusarea van die Sinode is.

ATFB VERSLAG BYLAAG 2

OUDITKOMITEE

1. PERSONEEL

Belanghebbendes:

Anton Ferreira	Onafhanklik – Voorsitter
Piet Zeeman	Onafhanklik
Desire Myburg	Onafhanklik
Dirk van der Merwe	Onafhanklik
Gustav Claassen	Algemene Sekretaris *Ex officio*

Uit die kantoor van die Algemene Sinode

Lourens Bosman	Algemene Bestuurder *Ex officio*
Annette van Niekerk	Finansies - Sinode *Ex officio*

2. OPDRAG EN MANDAAT.

Die opdrag, mandaat, samestelling, werkswyse en verantwoordelikhede van die ouditkomitee word in die Beleid vir die Ouditkomitee (soos vervat in die Agenda van die Algemene Sinode, 2015) uiteengesit. In hooftrekke gaan dit oor die volgende:
Die OK sal ten opsigte van die onderstaande punte die Algemene Sinode of sy gevolmagtigde bystaan om hulle toesig en oorsig verantwoordelikhede deeglik te kan uitvoer met dien verstande dat die OK nie operasionele besluite kan neem nie:

- die kwaliteit en integriteit van die Algemene Sinode se jaarlikse finansiële state na te gaan;
- die Algemene Sinode se voldoening aan etiese, wetlike en regulatiewe vereistes na te gaan;
- die eksterne ouditeur se kwalifikasies en onafhanklikheid te bepaal;
- die prestasie van die Algemene Sinode se onafhanklike ouditeure te bepaal;
- die interne ouditfunksie, indien van toepassing, van die Algemene Sinode te beoordeel;
- die risikoprofiel en effektiewe risikoprofiel tov die bedryfsrisiko's te beoordeel;
- die jaarlikse begroting se redelikheid te beoordeel;
- die interne kontrolestelsel te beoordeel;
- die beveiliging van die Algemene Sinode se bates te evalueer; en
- die Strategiese Plan en bestuursproses te evalueer.

3. WERKSWYSE

Die komitee vergader drie maal per jaar. Die vergaderings word soos volg ingerig:

(1) Beplanning van die oudit en aanstelling van die ouditeure (Februarie / Maart). Die komitee gee aandag aan risiko's, fooie, spesifieke kontroles wat aangevra word ten opsigte van sake wat buite die normale ouditprosesse val.
(2) Bespreking van die geouditeerde state (Julie / Augustus).
(3) Algemene vergadering (November).

4. SAKE HANTEER

4.1 Beplanning van die oudit. Aandag is aan die volgende sake gegee:

4.1.1 Die wesenlikheidsyfer is vasgestel op R180 000.
4.2.2 Kontroles om bedrog te verminder.
4.2.3 Die volgende risiko's is geïdentifiseer:

- Die inkomste uit ABR fooie is 'n risiko agv die on-invorderbaarheid van die fooie.
- Aftreevoordele van emeriti

- Opvolg van uitstaande debiteure en die afskryf van slegte skuld.
- Huurinkomste.
- Kontrole van uitgawes per maandelikse debietorder.
- Die bestuur en kontrolering van die betaalstaat.

Al hierdie sake het aandag gekry en prosesse is in werking gestel om dit aan te spreek. Die ouditeure kontroleer die hantering hiervan in die opvolgende oudits.

4.2.ONTVANGS EN BESPREKING VAN DIE GEOUDITEERDE STATE
Die state is bespreek en die komitee kon telkens aanbeveel dat dit state aan die ASM voorgelê word vir goedkeuring.

4.3 SPESIFIEKE KONTROLES is aangevra en uitgevoer ten opsigte van:
- die kontrole oor die personeel-betaalstelsel, byhou van personeel lêers, eenvormigheid in die betaal van 13de tjeks, vasstel van salaris pakkette en verhogings (2018),
- interne oudit-prosesse tov die aanvra van fondse, kontrole oor kredietkaart betalings en die magtiging van bank transaksies (2018).
- In 2019: die uitbreiding van die interne beheer tov die inkomstesiklus en
- die veiligheid van die rekenaarstelsel deur rugsteun asook teen aanvalle en virusse.

4.4 DEBITEURE EN SLEGTE SKULD
Die groot bedrag van uitstaande debiteure is kommerwekkend. Dit word hoofsaaklik opgemaak deur predikante wat nie hulle ABR fooie betaal nie. Die saak is na die Bedryfspan en ABR verwys om prosesse te ontwikkel om debiteure op te volg en oninvorderbare skuld af te skryf.

4.5 KLEIN BATES
'n Volledige bateregister / inventaris van die inhoud van die geboue moet opgestel en aangetoon word teen billike waarde. Dit gaan oor die beskerming tov versekering, veral van die waardevolle soliede houtmeubels.

4.6 DIE AFSLUIT VAN FONDSE WAAROP DAAR GEEN BEWEGING IS NIE
Die saak is na die Bedryfspan verwys en hierdie fondse is gesluit, behalwe waar dit uit 'n toegewysde skenking of bemaking kom.

4.6 VOORSIENINGSFONDSE vir werksaamhede wat van jaar tot jaar oorgedra word. Die komitee stel voor dat die sinode deurgaans werk met 'n nul-basis begroting vir lopende werksaamhede. Die saak is opgevolg en word uitgevoer.

4.7 NIE-OUDIT DIENSTE IS AANGEVRA VIR DIE VOLGENDE:
4.7.1. Hulp met die oorskakeling van AccPac na Pastel as rekeningkunde stelsel.
4.7.2. Opstel van die finansiele state en sluiting joernale
4.7.3. Indien van die belastingopgawes
4.7.4. Ondersoek na sekere interne beheerstelsels

4.8 KING IV VERSLAG
Die komitee voer gesprek oor die vereistes wat in die King IV verslag gestel word aan nie-winsgewende organisasies. Die volgende sake behoort aandag te geniet:
- Die begroting van die AS moet redelik wees en toesien dat die bronne nie uitgeput raak nie.
- Taakspanne moet die nodige kundigheid hê.
- Die moontlike botsing van belange waar lede van taakspanne die belang van die Algemene Sinode moet dien maar ook 'n bepaalde belang (byvoorbeeld van 'n sinode) verteenwoordig.
- Die voortgesette bekostigbaarheid en volhoubaarheid van die werk van die Algemene Sinode.

4.9 AFTREEVOORDEEL VERPLIGTING: MEDIESE SUBSIDIE VIR EMERITI
Die Beleggingskomitee is versoek om ‘n aparte fonds vir hierdie verpligting te skep wat aktuarieel bereken word en wat die aftreevoordeel verpligting sal dek. Die oogmerk is dat hierdie fonds dan nie langer aangetoon sal word as deel van die kapitale bates van die sinode nie.

4.10 BESTUURSTATE
Bestuurstate moet voortaan kwartaalliks uitgestuur word. Kontantvloei moet teen die begroting aangetoon word.

5. SLOT

Met groot dank aan die lede van die komitee vir hulle nougesette aandag aan die gesondheid van die finansiële bestuur van die sinode.

Anton Ferreira (voorsitter)